




FRANSE SENDING

Kinderevangelisasie (CEF)



Nuusbrief 2 - 2021



VREUGDE

Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop ...

Toeskouer by die eindstryd van Rugby-oorwinning

Droom 'n bietjie ... Jy sit op die paviljoen van die "Stade de France" in Parys. Dit is die finaal van die Wêreldbeker ... 28 Oktober 2023. Jou span is daar (soos in 2007). Dan kry jy geleentheid om self te speel / Dit gaan moeilik / 'n Groot stryd / Jy druk 'n drie. 'n Tweede een / Jy besef jou span dra jou / Jy beleef 'n historiese geleentheid – 'n groot voorreg. Die eindfluitjie blaas ... nuwe wêreldkampioene ! Groot BLYDSKAP

Ek het dikwels dié beeld gebruik tydens ons besoek aan RSA om van Jesus se oorwinning te getuig. Die Openbaringboek het reeds die geestelike eindstryd bekend gemaak. Die Ruiter op die wit perd is op pad. Ons hoor sy galop in wêreldgebeure. Aan Hom is alle mag gegee in die hemel en op aarde. Sy oorwinning is vas. In die geloof kan ons daarvan seker wees*. Dié wete dra ons deur, dit verskaf vreugde en krag in moeilike tye. Wat so wonderlik is, is dat elke ware gelowige in die wenspan is saam met die Koning van die konings. Al is die stryd fel. In sy groot genade sit Hy ons op die sendingveld om deel te neem aan sy oorwinningstog. Wanneer die eindfluitjie van die wêreldgeskiedenis gaan blaas, sal ons sien wat 'n voorreg dit was om te kon deelneem aan sy Heilsplan ... Intussen is daar nog 'n onafgehandelde taak. Dankie dat jy daaraan deelneem deur te bid, te gee of te gaan. *Om te glo is om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. Hebreërs 11.1



VERITAS Europese leiers geniet elke maand die versterking om te sien wat God besig is om te doen. In Roemenië, Holland, Engeland en Frankryk sien ons God se goeie hand in baie sake raak. Hy roep vele om die Bybel ernstig op te neem en reg te interpreteer – so belangrik vir ons dae. [Laat my wandel volgens u gebooië, want daarin vind ek vreugde.](#) Ps. 119.35

Elke Ouma en Oupa kan getuig van die **diepe geluk wat kleinkinders bring**. 'n Oupa sê : " *Hoekom kon ons nie maar die kleinkinders voor ons eie kinders gekry het nie* " ! Anna en Sophie (foto) woon naby ons in Parys-omgewing. Die ander sewe is ver. Maar **elkeen van die nege kleinkinders is vir ons ewe belangrik**. Ons sien hulle as **integrale deel van ons bediening** en 'n gawe van God wat ons moet waardeer, begelei saam met die ouers, en geniet.



Wees baie bly in beproewings t.w.v. Christus



... Die Here gee 'n oop deur vir ons medewerker Marie-Hélène in **BRETAGNE** (Noord-Wes Frankryk). Deur toerusting van gelowiges, kerkplanting en in die Katolieke skole ...

Die laaste tyd spot die tieners haar. Ons kan bid vir vernuwing, geduld, volharding en moed **t.s.v** ...

Die Woord sê : "My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. Jak 1.2-3

Vreugde om 'n instrument in God se hand te wees

Die uitnodiging het so gelui : 'Al die kinders van 7 tot 10 jaar is welkom by die **spesiale PAASKLUB**. Nooi gerus almal in julle woonbuurt uit. Die Goeie Nuus van Paasfees is ook vir hulle !' Baie kinders het die Paasfeesklokke die jaar beleef.



Die Here het die **Internet indirekte webblad** ryklik geseën. Meer as 2000 besoeke sedert die begin van die jaar. Veral die Paaskalender was suksesvol. Die foto's langsaan beeld uit: Beraders aan die een kant van die skerm en die kinders aan die ander kant.



Daar is 'n **nuwe ongekende ywer vir woonbuurtklubs** en ook vir gemeenskap van gelowiges in **eredienste** sedert ons dit weer mag bywoon. Ten spyte van die afgelope pandemie-jaar het die Here van die oes sy Koninkryk in die harte van baie kinders laat kom. **16,4 miljoen kinders** is deur CEF werkers en vrywilligers wêreldwyd bereik.

Soli Deo Gloria – aan God AL die eer.



KORSIKA-EILAND uitreik

9 tot 21 September 2021. Kontak toerleier **ds. Loffie Schoeman** lofstel@discoverymail.co.za RSA Sel 0828758313



Bid saam vir werkers vir die oes en dat die uitreik goed sal afloop sodat baie die Evangelie sal ontvang. Die Kerkleiers het dit op hulle harte dat indien moontlik **ALMAL** die evangelie kry.

*Opregte dank vir jou belangstelling, gebede en of games vir die geloofsending.
Mag die Here jou sien. Johan en Rita Bloemhof*

BANK/INTERNET of STOPORDERS

Bank: FNB Rek. naam: Child Evangelism Fellowship;
Verwysing: Meld asb. u NAAM en VAN en sê: "VIR ds J.F. Bloemhof nr 30"
Rek. nr.: 53 800 042 847
Takkode: 200912 Stuur 'n afskrif van u inbetalings aan cefsafinance@gmail.com of Faks 086 540 6700 vir 'n amptelike kwitansie.

BYDRAES PER TJEK:

Maak asb. uit aan :
"Child Evangelism Fellowship"
Spesifiseer asb:
VIR "ds J. F. Bloemhof Nr 30"
Stuur asb. u tjekbydraes aan :
CEF posbus 3139
Somerset-Wes 7129

Navrae: Dr. Ernest van Zyl
Tel 0817367679 **E-pos:**
ernest.cef@gmail.com

DEBIETORDERS-vorms, Nuusbriewe en Gebedsversoeke: beskikbaar by bloemhof@free.fr
Tel +33160861989
Sel +33649422585